

Hoofstuk van die dag: Eksodus 7

> *Hy sal wel nie na julle luister nie, maar dan sal Ek Egipte my mag laat ervaar: met groot reddingsdade sal Ek die stamme van my volk Israel uit Egipte bevry. (vers 4)*

God se handelinge is dikwels vir ons vreemd en selfs

onverstaanbaar. Ons moet ons ook nie verbeel ons kan dit wat God doen, beoordeel vanuit ons menslike perspektief nie. God se woorde aan Moses gee egter vir ons so ’n klein bietjie insig. Dis nie asof die teenkanting van die farao vir God ’n verrassing was nie. Trouens, dit was alles deel van God se plan. Hy wou daarmee sy grootheid bekend maak, sodat die Egiptenare én die Israeliete dit moes besef. Later sou Israel dikwels hieraan terugdink en die wonder van God se handelinge besing.

Dit is vir ons vreemd dat die Egiptiese towenaars ook (met die eerste plae in elk geval) soortgelyke dinge kon doen, hoewel hulle telkens die slegste daarvan afgekom het. Ons moet onthou dat die Bose óók mag het. Daarom dat die Bybel ons so ernstig waarsku om weg te bly van okkultiese dinge, want dis nie onskadelike speletjies nie. Lees gerus wat Moses later hieroor beveel het in Deut 18:9-13. ’n Program soos “Die Siener” op kykNET maak my uiters ongemaklik.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026